NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Wet Alt3

*Die Wet van die Here*

# DIE WET VAN DIE HERE_ALTERNATIEF 3

(Uit Bybelmedia se Woord en Fees, 2015)

1ste Gebod
Ek belowe dat as Ek op die troon van jou hart sit, sal jy geen ander gode in jou lewe wil hê nie.

2de Gebod
As Ek die eerste plek in jou lewe het, sal jy geen gesnede beeld van My maak nie, omdat jy self My beelddraer sal wees. Dit belowe ek jou.

3de Gebod
As Ek die middelpunt van jou lewe is, belowe Ek jou dat die Naam van Jesus vir jou so kosbaar sal wees, dat jy dit nooit as 'n vloekwoord oor jou lippe sal neem nie.

4de Gebod
As Ek nommer een in jou lewe is, belowe ek jou dat die Sondag 'n feesdag in jou lewe sal wees en jy dit nie moeilik sal vind om dit aan My toe te wy nie.
5de Gebod
As Ek die ereplek in jou lewe het, belowe Ek jou dat dit nie moeilik sal wees om jou ouers en ander gesagsdraers te respekteer nie, omdat jy My agter hulle sal sien wat hulle aan jou geskenk het.

6de Gebod
As Ek die eerste plek in jou lewe het, belowe Ek jou dat jy niemand sal wil seermaak nie, wat nog te sê doodmaak.

7de Gebod
As jy aan My die ereplek gee, sal Ek jou huwelik in my hande vashou en belowe Ek jou dat my trou ook vir jou getrou sal maak en dit vir jou nie moeilik sal wees nie.

8ste Gebod
As Ek op die troon van jou lewe is, belowe Ek jou dat jou lewe ingestel sal wees, nie om van iemand iets te neem nie, maar om te gee en nogmaals te gee.

9de Gebod
As Ek die middelpunt van jou lewe is, belowe Ek jou dat dit vir jou nie meer lekker sal wees om van ander te skinder nie, maar dat jy sal opkom vir die naam van 'n ander net waar jy kom.

10de Gebod
As Ek op die troon van jou hart is, belowe ek dat Ek jou so 'n dankbare en vergenoegde mens sal maak dat jy niks meer sal begeer nie.